

3 Mei

Skrifgedeelte: Handeling 7:54-8:3

Fokusgedeelte: Handeling 7:58

Die einde ... en die begin

Die dood van Stefanus was die einde van 'n fase in die koms van God se koninkryk. Die Joodse volk en hulle leiers se verset teen God se Woord word duidelik as hulle hul ore toedruk en die stem van God se boodskapper met geweld stilmaak. Die sogenaamde getuies van Stefanus se oortreding, wat die eerste klippe kon gooi, het hulle klere uitgetrek en aan die voete van 'n sekere Fariseër met die naam Saulus neergesit. Hier, met die bloeddruppels van Stefanus wat die grond bevlek het, is Jesus Christus se opdrag tot getuie in Jerusalem (Handeling 1:8) voltooi.

Is alles nou verlore? Het die bese oorwin? Is die boodskap van die evangelie nou stilgemaak? Nee, dit het 'n nuwe fase in die uitdra van die evangelie ingelei. Jesus Christus se opdrag van Handeling 1:8 word verder geneem in Handeling 8:1. Nie alleen die apostels nie, maar die hele gemeente word deur 'n hewige vervolging uit mekaar gejaag. Die gevolg is dat hulle nou Jesus Christus se getuies in Judea en Samaria word. Die vervolging van God se kerk is tot voordeel van die uitbreiding van sy koninkryk.

Die hele geskiedenis van die wêreld word deur God tot voordeel van sy koninkryk bestuur. Die hele kerkgeskiedenis vertel aan ons dié waarheid dat die bloed van martelare die saad van die kerk is. Die Sanhedrin het 'n stem stilgemaak wat 'n stad in oproer gebring het, maar daar naby het 'n man gestaan wat 'n hele ryk met die evangelie sou bedien.

Sing: Skrifberyming 10

Ds IW Ferreira (Magol)